Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 2, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Boekbesprekings / Book Reviews

**Mars et Historia.** Tweede lustrumnummer van de Nederlandse Vereniging ter beoefening van de militaire historie. Redaksie-adres: Heliotrooplaan 356L, 's-Gravenhage (Kijkduin), pp. 134 (met afbeeldings).

By geleentheid van sy tienjarige bestaan het bogenoemde Nederlandse vereniging 'n voortreflik versorgde jubileumaflewering van *Mars et Historia* laat verskyn.

Daar is twee artikels wat ongetwyfeld ook in ons geledere belangstelling sal opwek, te wete A.F. Lancker se bydrae ‚Historische Nederlandse forten overzee' en M.J.L. de Ruyter se artikel oor Nederlandse militêre tydskrifte.

Lancker se artikel bied die leser 'n beknopte oorsig oor dié handels- en suiwer militêre versterkings uit die dae van die eertydse Nederlandse handelmaatskappye in die wêrelddele Asië, Afrika en Amerika. Ons bekende Kaapstadse kasteel val ook onder hierdie groep.

M.J.L. de Ruyter skryf oor hedendaagse en vroeëre Nederlandse militêre tydskrifte, waarvan 'n gedeelte suiwer militêr-histories is en ander hulle op die militêre verenigingslewe, militêre eenhede, sport in militêre verband en dies meer, toespits. Van 1830—1900 het 25 van hierdie tydskrifte verskyn waarvan die inhoud aanvanklik suiwer krygswetenskaplik of oorlogstegnies was. In die begin het die leserskring tot offisiere beperk gebly, terwyl die tydskrif *Het Vaandel* (opgerig in 1851) hom na 1855 begin beywer het om, behalwe onder onderoffisiere, ook krygskennis en 'n krygsmansgees onder 'alle standen' te versprei. Van 1900—1939 het 56 nuwe periodieke, waaronder die eerste militêre sportblad (1907) verskyn, bewys dat sedert 1873 reeds pogings aangewend is om die burgerlike bevolking meer begrip vir die weermag by te bring.

Na die Tweede Wêreldoorlog het, aldus die skrywer, die Nederlandse militêre pers 'n ongekende hoogte gekry, 'n verskynsel waaromtrent die skrywer verklaar:

'De Nederlandse militaire pers biedt ook thans een keur van zeer uiteenlopende tijdschriften, waarin de vrije discussie nog in belangrijke mate is toegenomen, zodat zij in de ogen van andere landen een zeer benijdenswaardige positie inneemt, zij het dat men verdeeld oordeelt over de vele door Verenigingen van Militairen uitgegeven bladen.'

Ander artikels wat in hierdie besondere aflewering van *Mars et Historia* verskyn, is die volgende:
Dr F.G. de Wilde: *De uniformen van het legioen van Maillebois, 1785—1786.*
H.G. Meijer: *De oudste onderscheidingen van het Koninkrijk der Nederlanden (1813—1815).*
B.C. Cats: *Nederlandse parachutistenemblemen van 1941 tot heden.*
Mr. R.A. Schimmel: *Muziek voor Nederlandse militaire kapellen.*
Drs PhiMi Bosscher: *Iets over de literatuur betreffende de slag bij Jutland.*
A.J. Weekenstroo: *De vooroorlogse speelgoedsoldaat in ere hersteld.*
Kl. Sierksma: *Militaire banistiek.*
Drs J.C. van Dijk: *De Eerste Wêreldoorlog en Nederland.*
L. Verhoeff: *Op de hei daar lag een dragonder. De signalen en signaalrijmen van de Koninklijke Landmacht.*

Ten slotte kan hier, met betrekking tot die bydrae van Kl. Sierksma opgemerk word dat onder *banistiek* (Eng.: *vexillology*), 'n Nederlandse woord wat deur Sieksma gevorm is, na analogie van heraldiek alles verstaan word wat te doen het met vlae, vaandels, baniere, wimpels en dies meer, sowel in die hede as in die verlede, burgerlik en militêr. In ander tale word hierdie wetenskap soos volg genoem: *Bannistique* (Frans), *Bannistik* (Duits) en *banneristics* (Engels)..

— JAN PLOEGER.

**THE AUSTRALIANS AT THE BOER WAR**

**BY R.C. WALLACE**

**PUBLISHED JOINTLY BY THE AUSTRALIAN WAR MEMORIAL AND THE AUSTRALIAN GOVERNMENT PUBLISHING SERVICE**

In all facets of life there are professional men who follow a career according to well-established principles, and others who attempt things for which they are not equipped. History writing is not short of amateur practitioners; perhaps this is because it seems so easy to describe a set of occurrences. All one requires is a few published sources, fair writing ability, and a publisher, and another history book is served up to the public. It is evident that the reading public is less selective in selecting history books than it is in the purchase of works on other subjects — for instance, no-one will buy a medical book un-